ANB NUUSBRIEF

April/Mei 2023 *Amptelike spreekbuis van die Afrikaner Nasionalistiese Beweging* **Nr. 70**

Om 'n lig te wees aan die Suidpunt van Afrika - 1652

"6 April 1652 is 'n hoog uitstaande baken in ons geskiedenis. DIt was die begin. En... 'n wonderbare begin. As ooit die spreekwyse: "Die mens wik, maar God beskik", op 'n gebeurtenis van toepassing is, is dit hier die geval.

150 jaar lank het die handelskepe van Portugese, Engelse en Hollanders die Stormkaap verbygeseil sonder dat daar 'n plan bestaan het om hier 'n volksplanting in aansyn te roep.

Ook nog in 1652 was daar onwilligheid by die direkteure van die Verenigde Oos -Indiese Kompanjie om hier meer as 'n verversingstasie te stig. Tewens lyk dit of selfs Jan van Riebeeck eers nie lus gehad het om hier te bly nie.

En tog het 6 April 1652 die geboortedag van die blanke beskawing in Suid-Afrika geword.

En die verversingstasie het sy ideële inslag gekry. In onverganklike skrif moet die gebed van Van Riebeeck -- ja, toe het sy hart gespreek! -- in ons geboortegeskiedenis gegrif word. Hier volg die gebed wat ons uitgangspunt is; 'n gebed wat nog altyd moet lewe onder ons en 'n spoorslag moet wees tot hoër, edeler dinge.

Die gebed : (uittreksel vry vertaal in Afrikaans)

"O, Barmhartige, goedertieren God en hemelse Vader, ons bely dat dit u Goddelike Majesteit se besluit was om ons te roep tot die bestuur van die VOC se sake alhier aan die Kaap. Dat ons hier in U heilige Naam vergader is, om besluite te neem in die diens wat die Kompanjie vereis. Dat ons ook reg sal laat geskied. Wil gee dat onder hierdie wilde brutale mense (moontlik) u ware Gereformeerde Christelike Leer, mettertyd, mag verkondig word, tot U heilige Naam se lof en ere...."

Na aanleiding en op **vervolg op bl 5**

In hierdie nuusbrief :

Hoofartikel	1
ANB Jaarprogram	1
Hoofbestuur terugvoer	1
Nuuskommentaar	2
Alma-tak vier Stigtingsdag	3
Wie was Jan van Riebeeck?	3
Andries Hendrik Potgieter	4
Opposisie in Stadsrade	5
Die Afrikaner Broederbond	
van 'n leeu na 'n Wolf in skaapklere	6 - 8

Dagbestuur Kontakbesonderhede

Voorsitter: Carel van der Grijp 079 640 1906

Ondervoorsitter: Marthinus (Boeta) Erasmus 082 805 8692

Penningmeester: Dirk (snr) Joubert 081 323 9938

Sekretaris: Emil de Villiers 083 417 7311

Adissionele lid: Dirk (jnr) Joubert 079 781 0779

Kontak ons gerus vir enige navrae of besoek ons webwerf by: www.anbsa.co.za

ANB HOOFBESTUUR JAARPROGRAM - 2023

1.	Hoofbestuur	11 Februarie 2023	Innesdal
2.	Hoofbestuur (begroting)	1 April 2023	Wonderboompoort
3.	Republiekdag	27 Mei 2023	Wonderboompoort
4.	Hoofbestuur	12 Augustus 2023	Wonderboompoort
5.	Heldedag	14 Oktober 2023	Wonderboompoort
6.	Jaarvergadering	11 November 2023	Innesdal

April Hoofbestuursvergadering

Op 1 April 2023 het die Afrikaner Nasionalistiese Beweging sy tweede hoofbestuur vergadering in Pretoria gehou. Die jaarlikse finansiële begroting was op die tafel.

Die ANB roep sy takke op om al meer lede betrokke te kry en almal op te roep om hulle tyd of middele wat hulle kan gee beskikbaar te stel. Ook is daar 'n verskeidenheid van onderwerpe bespreek soos wat ons kan doen om die geleidelike verdwyning van Afrikaans en die witman in die handel aan te spreek.

By die ruwe Kaap van storme,
waar die oseane bots
en van oos en wes die golwe
worstel om hul baken rots,
waar die maagdelike velde
nog in skuwe skoonheid bloos,
dit is waar hul wieg gesaan het,
stoere Afrikanerkroos...

Hoe kan u by die Afrikaner Nasionalistiese Beweging aansluit?

Indien u, u met ons doelstellings (te vinde op ons webwerf) kan vereenselwig, wil ons u aanmoedig om by ons aan te sluit. U kan lid word van die ANB deur 'n vorm in te vul wat u by die volgende skakel kan vind: ***http://www.anbsa.co.za/lidmaatskap/***

ANB NUUSBRIEF KOMMENTAAR

Posbus 62, Thabazimbi, 0380

e-pos: AfrikanerNasionalis@gmail.com

Nuwe Partye

Vir 29 jaar lank word Suid-Afrika deur 'n korrupte en onbevoegde regering regeer. Dit is geen geheim dat die ANC nog niks bygedra het of toegelaat het vir die verbetering van die Suid-Afrikaanse ekonomie en burgers se lewenstandaarde nie, maar eerder deur korrupte politiek en onetiese besigheidssake Suid-Afrika tot 'n bedelaar by die wêreldbanke gedryf…

Volgens die **Corruption Watch** is oor die 4200 korrupsie klagtes in 2018 teen die Provinsiale regering van Suid-Afrika gegee. Die elle lange lys van die ANC se skandale en korrupsie klagtes is onmeetbaar soos dit elke dag meer en meer groei. Die nuutste korrupsie skandaal wat op die media se voorblaaie is is die VBS Bank (Venda Building Society Bank) en die ANC wat pap geskep het by die VBS Mutual Bank van meer as R16 miljoen tussen 2017 en 2018 deur Noord-Transvaalse (Limpopo) ANC elites, Danny Msiza en voormalige ANC provinsiale jeug leier, Kabelo Matsepe. Volgens advokaat, Terry Motau se 148 bladsy verslag oor die skandaal, het Msiza oor die 10 Munisipaliteite se burgermeesters en tesourie-amptenare in die Noord-Transvaal (Limpopo) oorreed om deposito's in die VBS Mutual Bank te plaas en is oor die R1.89 biljoen uitgedeel tussen 53 persone.

Die ANC se **National Working Committee (NWC**) en **Provincial Executive Committee (PEC)** het saam vergader met sekretaris-generaal van die ANC, Fikile Mbalula, om te bespreek hoe die ANC te werke gaan gaan rondom die saak. Hy sê ook dat dit belangrik is dat die saak nie die ANC se verkiesings vermoë in die Noord-Transvaal (Limpopo) belemmer nie, veral omdat die skandaal nou weer groot aandag van die media kry.

Saam met die nuutste skandale en korrupsie klagtes hang die donker wolk van Ramaphosa se Phala-Phala saak oor die ANC, asook Eskom korrupsie en ANC bande, werkloosheid, swak of geen dienslewering van publieke instansies, ekonomiese wanbestuur, 'n mislukte regstelsel en die skending van basiese regte.

Dit is dan geen verbasing dat in die afgelope 3 jaar meer en meer nuwe politiese partye ontstaan het nie.

In 2020 is **Team Sugar SA** bekend gemaak, 'n party wat weg gebreek het van die EFF. **Action SA** is in Augustus 2020 deur voormalige burgermeester van Johannesburg, Herman Mashaba, gestig.

Op die 19de April is nog twee nuwe partye aangekondig naamlik, **Rise Mzansi** en **Arise South Africa**. Voormalige Transvaal (Gauteng) leier van Action SA, Bongani Baloyi, het ook 'n nuwe party in April aangekondig naamlik, **Xiluva.**

Al hierdie nuwe partye het dieselfde doelwit en leuse, om die ANC se ondoeltreffendheid en onbevoegdheid uit te wys en as teen partye in die 2024 verkiesing te wees. Gaan hierdie mengelmoes van partye dit moeilik maak vir die ANC volgende jaar of is dit 'n taktiek wat gebruik word om die stemmers van die ANC se grootste kompetisie te verdeel?

Dak & Plafon Spesialis

Ons ontwerp, verskaf en installeer alle tipes dakke & plafonne.

Jou dak—is ons besigheid - sedert 2017

Joubert Konstruksies

Posbus 128, Tarentaalrand, 0859 Selfoon : 081 323 9938 Epos : dirkiej2@gmail.com

ANB Genl Beyers Tak vier Stigtingsdag

Die ANB lede van die Generaal Beyers tak het op gepaste wyse Stigtingsdag gedenk. Ons moet steeds besef dat ons volk die wonderlike voorreg het om ‘n Christelik Protestantse oorsprong te hê.

Dit plaas ook ‘n plig op ons om daardie erfenis in gedagtenis te hou en voort te sit. Nie oor onsself nie maar as uitlewing van ons roeping as kinders van God binne die volksverband waarbinne Hy ons geplaas het.

Ons geskiedenis vertel aan ons kinders van die liefdesdade gedoen en swaarkry gely deur ons volkshelde ter wille van wat reg is. Ons volkspele is so ook ’n lewende simboliese binding van ons kultuur en erfenis. Dit beeld deur sang en beweging ons volk se karakter uit. Die tak se lede wil graag almal aanmoedig om volksdrag of volkspele drag te kry of te maak en te dra om sigbaar ons volk te verenig in ons kultuurerfenis.

Jonk en oud doen saam volkspele in die opelug by Boekenhoutspoort te Alma

Wie was Jan van Riebeeck?

deur CJH Vorster

Media smeerveldtogte, polities-korrekte skoolhandboeke en 'gesuiwerde' biblioteke, het tot gevolg gehad dat min mense vandag die volle waarheid ken van die man wat bekend staan as die Stigter van Suid-Afrika.

Hier is solank antwoorde op twee vrae wat mense gereeld vra: Vanuit watter agtergrond het hy gekom?

Was hy 'n self-verrykende Swendelaar of 'n eerlike, hardwerkende Koopman?

· Sy agtergrond:

Johan Anthonisz van Riebeeck is in 1619 in Culembourg gebore. Sy vader, Anthonij van Riebeeck, was ‘n Chirurgyn (in daardie dae het dit nie beteken hy was ‘n chirurg nie – ook nie geneesheer nie, en ook nie snydokter nie -- maar iemand wat bloedlating toegepas het, en geneeshere bygestaan het.). Sy moeder, Elizabeth, was 20 jaar oud toe hy gebore is.

Jan se ouma en oupa aan moederskant se van was Van Graesbeeck (sy oupa was ‘n prokureur en notaris). Hulle het gewoon in die huis wat vandag bekend staan as Van Riebeeckhuis, in Culemborg. Die Van Riebeecks en Van Graesbeecks was

nie ryk nie, maar gesiene mense.

Jan het grootgeword in Schiedam, waar sy vader sedert 1622 sy praktyk as chirurgyn voortgesit het.

Jan se sussie, Geertruyd, is later aan die Kaap met die sieketrooster Pieter van der Stael getroud, en het met haar gesin eers aan die Kaap gewoon en na Jan se vertrek, die Van Riebeecks na Malakka gevolg, maar dit was baie, baie jare later.

Jan het ook twee boeties gehad, beide jonk oorlede. Toe Jan 10 jaar oud was, en sy suster 6, is sy moeder oorlede. Sy vader is later weer getroud met Elsgen Burgers.

Self-verrykende Swendelaar of Eerlike Koopman?

Toe Jan 16 jaar oud was, het hy sy vader vergesel op ‘n reis na Brasilië en die eiland Barbados. Jan het in sy vader se voetspore gevolg en as onder-chirurgyn by die Oos-Indiese Kompanjie in diens getree.

In 1639 vertrek hy na die Ooste, na Batavia. Daar het hy egter besluit om sy werk as chirurgyn te verlaat en as assistent in die Kasteel te begin werk.

Daar het hy spoedig bevordering gekry omdat hy so hardwerkend was (twee maal is hy spesiaal beloon en vermeld vir sy buitengewone dienswerk).

Ons sal nie nou hier ingaan op wat daar alles met hom gebeur het in die ooste nie, maar uit die aard van sy werk was dit duidelik dat net dapperstes daar uitgehou het, en daar byvoorbeeld in Formosa met uiterste diplomasie te werk gegaan moes word.

Hy is heen en weer verplaas, en het baie ervaring opgedoen in die proses. In 1642 is hy byvoorbeeld gekies om as sekretaris saam te gaan met ‘n afvaardiging na die koning van Atjeh (in die noorde van Sumatra), ‘n baie interessante belewenis.

Vervolg op bl 4

ANDRIES HENDRIK POTGIETER

deur BERTUS RADFORD

Andries Hendrik Potgieter aanskou op 19 Desember 1792 die eerste lewenslig. Hy was fors en gespierd en met sy “Dopper”-uitrusting en gelyk gesnyde baard was hy maklik herkenbaar. Hy was ’n matige roker. Hendrik Potgieter se geloofslewe het hom na aan die hart gelê. Die liberale gelykheidsleer het hy nie geduld nie.

As Voortrekkerleier sou hy diep spore trap in die grondlegging van Transvaal, ’n man wat nie altyd die regmatige erkenning as pionier en baanbreker ontvang het nie. Op trek na sy bestemming sou verskeie gesinne, onder andere Paul Kruger se ouers, by sy trek aansluit nadat Potgieter se trek die Tarka en Colesberg verlaat het. Met sy fyn aanvoeling en versiendheid het hy besef om van die Engelse juk ontslae te raak, moet die Afrikaner weg beweeg van die see, want “die Engelse is by die see.” Hy het egter besef dat ’n korridor na die see van die allergrootste belang is, derhalwe onderhandel hy suksesvol met die Portugese om ’n deurweg na Delagoabaai. Van die swart kapteins pleit by Potgieter om beskerming deur grond aan Potgieter te verkoop in ruil vir hul veiligheid teen die Matebeles. Na die verraderlike Liebenberg-moorde slaan die trekkers die aanval van die 6000 Matebeles wonderbaarlik met 35 man by Vegkop af.

Tydens ’n algemene vergadering in Desember 1836 word Gerrit Maritz tot President-regter en Potgieter tot laerkommandant verkies. Potgieter en



Maritz gaan hierna op ’n strafeks-pedisie waarna hulle die Matebeles verslaan en verjaag tot die huidige Bulawayo in ’n negedaagse oorlog. Na die moorde op Retief en ’n groot aantal Voortrekkers, vind die slag van Italeni in Natal op 11 April 1838 plaas. Die Voortrekkerkommando’s word in ’n hinderlaag gelei en moes noodgedwonge die aftog blaas. Piet Uys en sy seun Dirkie sneuwel in die hinderlaag. Potgieter word deur sommige van die Voortrekkers van lafhartigheid beskuldig waarna hy terugkeer na Transvaal.

Potgieter verken Transvaal in sy geheel en verskillende dorpe kom tot stand. Potgieter ontmoet ’n Engelse gesant te Potchefstroom waarin Engeland die Transvaalse onafhanklikheid erken. As gevolg van verskillende menings betreffende die regeringsvorm kom gereelde onenigheid na vore. ’n Klein rebellie kom te Potchefstroom in opstand maar daar kom niks van nie. Onenigheid tussen Andries Pretorius en Hendrik Potgieter vind plaas as gevolg van Pretorius se inmengery in die Transvaal se sake, nadat Pretorius Natal verlaat en homself in Transvaal gevestig het. Gert Kruger en Pretorius onderteken die Sandrivierkonvensie waardeur Engeland die Transvaal soewerein onafhanklik verklaar. Op 15 Maart 1852 vind die twee leiers mekaar. Hendrik Potgieter sterf op 16 Desember 1852.

Wie was Jan van Riebeeck? (vervolg vanaf bl 3)

In 1643 reis Jan saam met 55 ander vanaf Batavia na die kus van Tonkin, en daarna die eiland Formosa, waar hulle pas toestemming ontvang het om ‘n nuwe handelspos te stig.

Jan het hom sodanig onderskei in hierdie klein handelsvesting, beman deur slegs nege Nederlanders, en omring deur derduisende oorlogsugtige Chinese, dat hy uiteindelik in die posisie van waarnemende Opperhoof aangestel is, en in 1646 bevorder is tot volwaardige Koopman.

Intussen is die Goewerneur-generaal van Batavia, Antonio Van Dieman, verlangse familielid van Jan, oorlede. Sy opvolger, Cornelis van der Lijn, was geen vriend van Van Diemen of sy mense nie. In Batavia het ‘n hewige stryd tussen hom en Mevrou van Diemen, Antonio se weduwee, gewoed.

Van der Lijn het ook links en regs mense aangekla het van privaathandel, om aan die Here XVII bewys te lewer van sy ywer. Die kans is goed dat die onmin tussen hom en die van Diemens gedeeltelik tot gevolg gehad het, dat sy oog op Jan geval het, as volgende slagoffer van sy ondersoeke.

In ‘n brief aan Von Bronkhorst skryf hy dat hy reken dat die jongelinge in Tonkin, wat groot somme geld hanteer, nie vertrou kan word nie. Daarop ontbied hy koopman Jan van Riebeeck en onderkoopman Heycop na Batavia om rekenskap te kom gee, en daarop het hy toe sommer ook hulle loopbane in Batavia beeindig.

Nooit ooit is Jan skuldig bewys nie, maar ongelukkig kon hy ook nie regkry om sy onskuld te bewys nie.

Maar die feit dat hy met behoud van rang en gasie (besoldiging) na Amsterdam terug kon keer, bevestig dat die Here XVII geensins oortuig was van sy ‘skuld’ nie.

Die kans dat Jan in hierdie saak die slagoffer was van lastertonge, is baie groot. Om jou teen aanklagte wat nie bewys kan word nie, te verdedig, is gewoonlik moeilik, en dikwels onmoontlik.

Vir Jan wás dit onmoontlik...

(Bron: Avontuur in die Vreemde, die verhaal van Jan Van Riebeeck deur A.J.Böeseken. 1971.)

Die Opposisie in Stadsrade ’n “Klaaglike mislukking”

Bertus Radford skryf:

Professor Koos Malan van Sakeliga en Bennie van Zyl van TLU-SA het op 6 Maart, tydens die fokusprogram van Pretoria FM, hul lot bekla wat betref die opposisie in die stadsrade, maar in die besonder koalisievorming. Volgens Malan is die “koalisies ’n klaaglike mislukking weens die baasspelerigheid van die DA” nadat Van Zyl ’n ellelange treurmare gelewer het rakende die huidige stadsrade wat nie die mas opkom nie, maar veral die koalisies, tot die verdriet van hul kieserskorps. Van Zyl het met ’n tipiese à la Bennie van Zyl die prent probeer inkleur en aan die einde uitgekom met die gedagte dat “gekyk moet word na iets anders”.

Malan het dadelik gereageer met die woorde: “Ek gaan stem en diegene wat nie stem nie is aan die swart kant,” wat die Afrikaner by ’n baie belangrike en aktuele punt bring.

Nie-stemmers word gereeld daarvan beskuldig dat ’n wegbly-stem ’n stem vir die ANC is. Hierdie argument verg heelwat dieper ondersoek. Uiteraard is dit verraad. Die ANC-regime, die uitroeper van die verkiesing, is ’n kommunistiese organisasie, gelaai met Kommuniste en in bondgenootskap met die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP). Mandela, die skrywer van die boek *How to be a good Communist*, was ’n geswore Kommunis.

Kommunisme op sy beurt is die aktiewe arm van die Antichris. Die ANC is dus ingeskakel by die Antichris, die magte van die duisternis. Nou is dit so dat hierdie magte, met die ANC as spreekbuis, die politieke partye in Suid-Afrika uitnooi om te registreer vir die verkiesing deur hierdie onheilspellende magte. Aan hierdie party, nou die draer van die seël van die magte van die duisternis, gaan die stemmer sy stem toesê. Terwyl die ANC in baie volke se oë wêreldwyd ongeloofwaardig en onwettig is, is dit nou die stemmer wat wettigheid verleen aan die ANC en sy drakoniese meelopers. Nie net legitimiteit word verleen nie, maar die stemmer gee as’t ware ook erkenning en bestaansreg aan hierdie duistere magte. Indien die Afrikaner soos een man wegbly verloor die ANC sy geloofwaardigheid in die oë van die wêreld, en sodanige aksie sal die eerste treë tot verset wees.

In stede dat die soustreinryers, net so korrup soos die ANC, ’n openbare sirkus van die stadsrade en parlement maak, beweeg die Afrikaner nou in die regte rigting. Hierdie wete sal verdere druk op die vyand plaas. ’n Aksie van hierdie aard sal aanleiding gee tot ’n algehele ontevredenheid ter plaatse. ’n Toestand wat heilsaam sal inwerk op ’n toekomstige blanke regering. Tesame hiermee sal die blanke in plaas van ’n inkrimpende, weer ’n uitdagende houding inneem en die wêreld met respek na die Afrikaner laat kyk. Is dit die ander rigting waarvan Van Zyl onbewustelik praat? Die nie-stemmer sal dus nie aan die swart kant wees nie, maar die stemmer wel. En indien weer ’n diskussie wie die steun aan die ANC, die magte van die duisternis oorhandig, dan is dit die nie-stemmer wat met ’n rein, skoon gewete en gemoedsrus die toekoms tegemoet gaan terwyl die stemmer die oog laat sak.

Om ‘n lig te wees aan die Suidpunt van Afrika ? (vervolg vanaf bl 1)

grond van dié gebed gaan ons nie ondersoek in hoever die hoë ideaal van Van Riebeeck nagekom is nie -- dit moet die historikus doen. Ook sal nie nagespeur word in hoever ons volk aan die ware Christelike Gereformeerde Leer getrou gebly het nie -- dit moet die teoloog en kerkhistorikus doen. Wat ons wil beklemtoon, is dat uit dié gebed 'n ligstraal skyn wat die hele kontinent van Afrika moet verlig.

Dus nie materiële, politieke of watter ander oorweginge ook al mag nommer een wees nie. Dit is die Christelike, protestantse beginsel wat ook in hierdie wêreldperiode ons motief en besieling moet wees.

Noord-Afrika was in die eerste eeue van ons jaartelling 'n bakermat van die Christendom. Vermaarde teologiese skole het daar verrys. En teoloë, van die grootstes in die kerkgeskiedenis, het daaraan onderrig gegee. Ons noem net die name van Augustinus, Cyprianus, Tertullianus, Origenes en Clemens Alexandrinus.

Maar die Mohammedanisme het die lig van die honderde Christelike gemeentes totaal uitgeblus. Daar het selfs geen naskemering van gebly nie.

Laat dit vir ons in die Suidland van Afrika 'n waarskuwing wees!" (2)

"Nou nog die vraag: Wat het dit alles met 6 April te doen?

Die antwoord kan kort wees. Die Christelike beginsel het ten grondslag van die volksplanting aan Kaap die Goeie hoop gelê. Dit is as kern saamgevat in die gebed wat Van Riebeeck gedoen het. Volgens daardie beginsel het ons vaders hulle dan ook in hul ganse lewe geopenbaar.

Maar daar was in later tyd genoeg teëstand. Dink slegs aan die optrede van dr. Van der Kemp en sy geesverwante. Die beginsel wat hulle in ons volkslewe wou indra, was dié van die Franse Omwenteling: Gelyke regte vir almal wat mens is. En dit is die sienswyse waarteen ons nog gedurig die stryd moes voer.

Daarom roep ons nou weer: terug na die Christelike standpunt wat ons vaders as hegte fondament vir die volkslewe hier neergelê het." (3)

"Voorwaarts dan, getrou en wakker
moedig, kragtig steeds vooruit!
Geen geweld, geen dwinglands woede
sal julle ideale stuit.
Laat jul roep oor berge dawer,
oor die vlaktes oor gedra:
Ewig hoog die vryheidsvaandel
stoere kroos van Afrika!" (1)

Bronne:

(1) Nuwe F.A.K.-Sangbundel, 1961, nr.14; Afrikanerlied, H.A. Fagan;

(2) Totius, nr. 7, bl. 377-378;

(3) Ditto, bl. 380

Afrikaner Broederbond : Van ‘n Leeu na ’n Wolf in Skaapsklere...

Bertus Radford antwoord die vraag: Hoe en waarom het die Afrikaner Broederbond ’n gedaante-verwisseling van nasionalisme na liberalisme ondergaan?

Die vraag word dikwels gevra hoe dit moontlik is dat ’n Afrikanerorganisasie soos die Afrikaner Broederbond (AB), ’n organisasie wat die Afrikaner se geestes , maar ook stoflike goedere op die hart gedra het, die pad in so ’n mate kon byster raak? Maar meer nog, ook die rug op Afrikanernasionalisme kon draai? Dieselfde lede wat die AB uitgebou het, maar waarvan ’n aantal later ook die goeie werk vernietig het. Die antwoord op hierdie vrae strek oor baie grense heen en sny plek-plek baie diep.

Die verliberalisering van die Nasionale Party onder John Vorster en die AB beweeg parallel. Dr Verwoerd het per geleentheid melding gemaak dat sy grootste taak is om sy kabinet eerbaar te hou. Hy was sy tyd ver vooruit, daarby was hy ’n idealis en intellektuele reus. Sy politieke stukrag het die kerk, kuns en kultuur in beweging gebring.

Die aanslag op dr Verwoerd

Tydens die eerste mislukte aanslag op die lewe van dr Verwoerd was daar ’n geheul om dr Verwoerd en die NP van sy beleid te dwing. Paul Sauer het, as ervare politikus in die onseker toestand waarin die land verkeer het, die uitlating gemaak: “dat die ou boek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis toe is.” Hy reken ’n nuwe gees moet ontwikkel word vir vertroue by blanke en swart nasies. Sauer was kop in een mus met ’n georganiseerde anti-Verwoerd groep om daardeur die nuwe beleid in die NP-kabinet te kon indra. Die NP-koukus het Sauer ’n week hierna gekonfronteer. Hy en Ben Schoeman was woedend. Na dr Verwoerd se ontslag het hy die afvalliges tot orde geroep. Die poging om die beleid te verander en Sauer tot Eerste Minister te verkies, het misluk. Hierna het dr Verwoerd die Basson, Piet Cilliers en Schalk Pienaar-groep voor stok gekry. Die Kaapse liberaliste het gaandeweg harder probeer om ’n skeuring te bewerkstellig. Die staatsgreep wat deur die georganiseerde geldmag op die Nasionale party uitgevoer is, was een van die nadeligste gevolge van die moord 6 jaar later. Vorster se hantering van die moord en sy vriendskap met Oppenheimer verduidelik sy dubbele rol.

Enkele weke voor die moord op dr Verwoerd het die Basson, Cilliers, Serfontein en Merwis-groep (*Sunday Times*) ’n geweldige veldtog teen dr Hertzog geloods om daardeur ’n wig tussen dr Verwoerd en dr Hertzog in te slaan weens die besef dat dr Hertzog heel waarskynlik die opvolger van dr Verwoerd sou wees. Nadat dr Verwoerd Jaap Marais en ’n aantal LV’s te woord gestaan het ten opsigte van hierdie bedenklike toestand was dr Verwoerd se opmerking: “Dit laat my besef dat ek so lank as moontlik moet probeer leef.” Hy het volle beheer oor sy kabinet gehad. En tog was dit alreeds hier te bespeur dat daar ministers en LV’s was wat sag was, om die minste te sê. In Maart 1966 het die NP sy grootste oorwinning ooit beleef. ’n Verdere 20 setels is van die VP weggeneem. Dr Verwoerd se hantering van Rhodesië se eensydige onafhanklikheidsverklaring het talle Engelssprekende Suid-Afrikaners agter dr Verwoerd laat inskuif. Dr Verwoerd se vasberadenheid het vertroue geskep. Tydens die Geloftefees te Bloedrivier het hy gesê: “Daarom, al kan ons nie meer trek nie, sê ons net soos die Voortrekkers van ouds: ‘Ons kan nog stry en ons sal veg, al moet ons ondergaan, maar ons sal vegtend bly vir die voortbestaan van die blanke aan die suidpunt van Afrika.’”

NP en AB “onvernietigbaar”

Talle NP-leiers en lede was ook AB-lede. Die oorgrote meerderheid AB-lede het dan ook die AB en NP as onvernietigbaar beskou. ’n Mede-Nasionalis het die AB of NP nie maklik of lukraak bevraagteken nie. Die Nasionale Party en AB was die voertuig wat die Afrikaner uit die vuur en die slyk van ondergang gered het. Die Eerste Minister en Voorsitter van die AB was die “aanvoerder en die pasaangeër”. Twee instansies met leiers waarna die volk opgekyk het. Dr Verwoerd het die Afrikaner stewig aan die NP gebind. Die volk het ’n liggaam ontvang waarna baie jare uitgesien is. Die leier en party tot die daarstelling van ’n

Vervolg op bl 7

Plaas jou rand waar jou hart is

Soos enige organisasie wat sy doel dien uit die liefde vir die saak, is ons ook afhanklik van bydraes en donasies om die uitvoering van ons doelstellings te befonds en om die nuusbrief uit te gee. Elkeen wat in sy hart voel dat hy die doelstellings van die ANB ondersteun, is baie welkom om 'n bydrae te maak per bank inbetaling. U kan die sekretaris kontak indien u belangstel om 'n debietorder ten gunste van die ANB op te stel. Donasies kan inbetaal word in die ANB se bankrekening by Eerste Nasionale Bank (FNB). Rekeningnommer: 6207 397 999 3 Thabazimbi. (Takkode 26 03 46)

Hulle was vir ons ‘n voorbeeld in die stryd

Joop Brown en Gerrit Bosua was vir baie van ons persoonlik bekend. Ons het baie verhale gehoor uit hulle monde hoe hulle as studente in die tweede wereld oorlogsjare deel was van die Stormjaers. Jong manne wat dapper vir ons Afrikaners aan ondergrondse operasies deelneem het om die onregverdige deelname van Suid-Afrika aan die Engelse se oorlog teen Duitsland te stuit en in die wiele te ry. Ook om hulle mede volksgenote tot liefde en volkstrots op te wek en die Afrikaners se belange te bevorder...

Afrikaner Broederbond : Leeu na ’n Wolf in Skaapsklere..

Vanaf bladsy 6

Republiek, ’n Republiek waarvoor 59 jaar gewag is. Die samewerking tussen dr Verwoerd en die AB met die kommunistiese gevaar in die agtergrond was intiem. Die twee invloedrykste persone in die land was die Eerste Minister van Suid-Afrika en die voorsitter van die Uitvoerende Raad (UR) van die AB, in daardie stadium dr PJ Meyer, die man wat die wa van 1958 saam met dr Verwoerd sou trek. Met die moord op dr Verwoerd was die Nasionale Party haas onvernietigbaar, menslik gesproke.

John Vorster wyk af

Met die oorname van John Vorster was dit die posisie van die NP sowel as die AB, en was hy ook deeglik bewus dat die leier en die party onlosmaakbaar van mekaar is. Derhalwe het Vorster geglo die kabinet sou hom nie teengaan nie. Verder het Vorster op die rug van die Rivonia-verhoor gery waarvan dr Verwoerd weliswaar die breinkrag was met die inhegtenisname van die Kommuniste. Die eerste afwyking van NP-beleid was die taalkwessie, die ontvang van swart diplomate in blanke woonbuurte asook ’n Maori in ’n All Black-span. Vorster se verweer was indien nie aanpas nie, dan sal die NP stemme na links verloor. Later is teruggekrabbel dat hy hom verkeerd uitgedruk het. Totale verwarring is geskep, verwarring wat sou deurbeweeg na die AB. Die Maori-aangeleentheid sou die kabinet tot stemming bring. Gelukkig vir Vorster het die stemming nie plaasgevind nie. Dr. Verwoerd en die NP se beginsel: “dat daar nie toegelaat sal word dat sport in Suid-Afrika gebruik word ten einde politieke oogmerke te bereik” is deur Vorster opsy geskuif. Vorster en PW Botha het alreeds in November 1963 agter die rug van dr Verwoerd geknoei ten opsigte van ’n Maori in die All Black-span. Op 1 Oktober 1968 het dr Piet Meyer van die AB Vorster uitgenooi na die Halfeeufees-bondsvergadering van die AB. Vorster het met mag en mening wal gegooi en die klagtes teen hom ontken. Ook na aanleiding van AP Treurnicht as redakteur van *Hoofstad* se hoofopskrif: “Vorster sê Maori’s kan maar kom”, ontken Vorster dit heftig. Die spanning tussen Broers het verhoog. In ’n later stadium wou dit lyk asof swart diplomate met hul gesinne in blanke woonbuurte vir ’n groot aantal Broers aanvaarbaar was.

Vorster het hierna die Afrikaner Ordegroep, wat sterk Hertzog-gesind en meestal AB-lede was, ontbind. Hierdeur plaas Vorster vir Meyer op die agtervoet. Die druk het toegeneem en ’n liberale element het des te meer sy kop in die AB uitgesteek. Dr Piet Meyer het ’n kongres teen liberalisme aangelê, maar die Nasperskoerante, *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* wat omgeswaai het na die liberale beleid van Vorster, tesame met die Liberal Cape Nats en geldmagnate het hierdie poging tot stillstand gedwing. ’n Verdere terugslag vir Meyer en die Afrikanernasionaliste. Sekere kultuurgroepe o.a. die Akademie vir Wetenskap en Kuns het die rug op Meyer gekeer. Sommige Naspers-koerante het na die afsterwe van dr Verwoerd sy beleid aangeval, oftewel skerper aangeval. Die Afrikanernasionaliste in die AB en die NP is deur hierdie koerante swartgesmeer en onwaarhede rondom hulle geborduur. Die hoë joernalistieke karakter aangaande die koerante het nou verander in ’n smeercampaign. Vorster het aan die Nasperskoerante die jawoord gegee. Hy is opgehemel terwyl die grofste onwaarhede teenoor die Afrikanernasionaliste versprei is. Die *Beeld*, *Die Burger*, *Dagbreek* en *Volksblad* was die voorbokke terwyl *Hoofstad* en *Die Vaderland* die Hertzog-groep goedgesind was. Intussen het die breë kerklui met enkele uitsondering nie ’n vinger verroer deur Vorster tot orde te vermaan nie, trouens sommige leraars het begin deur hul eie mense in die laer te bespied.

“Staatsgreep” op AB

Met die aanvang van 1968 was dit duidelik dat sake vir die Afrikanernasionaliste nie baie rooskleurig was nie. Vroeg in Desember 1967 het die voorsitter van die UR die opmerking gemaak “dat ons grootste taak nou is om van John Vorster ontslae te raak”. As gevolg van Vorster se inmenging het die AB in die laat sestigs algaande dieper in die eensydige partypolitiek beland. Onder die voorsitterskap van Meyer en Treurnicht is toegelaat dat ’n “staatsgreep” op die AB uitgeoefen is weens hul halfhartigheid. Die AB het sy karakter verloor. Belangegroepe het die AB as nuttige kontakorganisasie misbruik. Polisieamptenare is sonder die gebruiklike sirkulasie van die persoon se naam en goedkeuring as lid van die organisasie ingeskryf. Vorster het van die standpunt uitgegaan dat die AB slegs bestaansreg onder die NP het. Die AB mag derhalwe nie onafhanklik wees soos in sy vroeër bestaan gekenmerk is nie. Die sentrale komitee van die AB het in ’n stadium beswaar gemaak teen lede wat medebroers, sowel as sekere nasionalistiese koerantredakteurs, aanval. ’n Gesplete persoonlikheid was aan die ontwikkel. Dr Meyer het in ’n stadium gesê “’n ding *click* of dit *click* nie. Met Verwoerd het dit ge*click*, maar nie met John Vorster nie”. Enkele dae hierna sê Andries Treurnicht: “Jy weet ek wil nie ophou glo dat die man nie ons man is nie. Des te meer onenigheid het in die NP en AB ontstaan en die vraag is gevra of die tweespalt in die NP en die AB oorbrug kon word? Tydens die Halfeeu Bondsfees probeer Meyer die verdeeldheid besweer. Van ’n klagskrif, dae later opgestel deur Afrikanernasionaliste in die AB, het niks van gekom nie.

Vervolg op bl 8

Afrikaner Broederbond : Leeu na ’n Wolf in Skaapsklere..

Vanaf bladsy 7

Dr Albert Hertzog en Jaap Marais in 1970 wat dapper by hulle volk se Christenlik Calvinistiese grondslag bly staan het en die liberalisme ingevoer deur Vorster en kie. beveg het ten spyte van die persoonlike aanvalle vanuit die AB en NP

Meyer en Treurnicht keer rug op Afrikanernasionalisme

In September 1969 het Meyer en Treurnicht Vorster besoek. Vorster wou prontuit weet, indien die NP sou skeur, waar staan hulle. Meyer en Treurnicht het hul steun aan Vorster gegee. Vir die Hertzog-groep was dit ’n groot teleurstelling. Die AB het ’n totale stutorganisasie van Vorster se NP geword. Anders as in die dertig- en veertigerjare waar die AB neutraal gestaan het, het die AB nou met ’n uitskopaksie begin. Tydens ’n AB-saamtrek, net voor die 1970-verkiesing het geplante Vorster-ondersteuners begin skreeu dat Vorster moes praat, ’n aksie teen die dag se program en reglement. In Februarie 1970 was ’n herhaling hiervan tydens ’n druiwefees op die plaas van Hendrik Schoeman. ’n Groep AB-lede wat in die teenoorgestelde kamp was het ’n memorandum volgens artikel 88 van die reglement opgestel, waarin tugstappe teen Vorster aangevra is, waarvan niks gekom het nie. In die jaarverslag van die Bondsraad word erken dat die AB teen die HNP is. Tussen die sogenaamde onpartydigheid, soos vroeër deur Meyer uitgespel, en sy partydigheid nou, moes iets gebeur het. Die AB kon nie die druk weerstaan nie en het ’n totale mondstuk van die NP geword. Hierna word Treunicht aangewys as lid van die sportkomitee. Die UR besluit dat die sportbeleid in paaiemente aan die Broers bekend gemaak word, ten einde hul doel te bereik.

Aksies teen die Afrikanernasionaliste

Die UR het besef dat hulle nie net links en regs Broers kon uitskop nie. Die besluit is geneem om dr Hertzog en Jaap Marais uit te sonder en daardeur die skrik in die ander Afrikanernasionaliste te jaag met die hoop dat hulle deur hierdie taktiek hul “samewerking” sou gee. Belaglike en valse klagtes is teen die twee leiers geformuleer. Telkens is die onwaarhede in briefwisseling tot die frustrasie van die sekretariaat uitgewys. Die sekretariaat het tot die belaglike en paniekerige stap oorgegaan deur dr Hertzog en Jaap Marais van onbroederlike skrywes aan te kla. Teen Treurnicht, wat in 1972 aan ’n lasterklag skuldig bevind is, is nooit ’n vinger gelê nie. ’n Komitee bestaande uit J Jooste, AD Pont, G Beetge, WT Warais en PJ Malan is saamgestel om die UR te spreek. Die onderhoud is geweier. Hierna het die komitee die pad gevolg deur direk met ’n aantal Broers kontak te maak. ’n Groot aantal lede was geskok oor die sekretariaat se optrede, die kat was behoorlik in die hoenderhok. Hier is dr Hertzog, Jaap Marais en ander Broers uit die AB gesit.

In Oktober 1972 moes elke lid van die AB plegtig hul woord gee dat hulle geen “verbintenis of assosiasie” met die nuwe party sou hê nie. Hierdeur het verskeie lede hul verbintenis met die AB gestaak. Die eens Afrikaner-nasionalistiese beweging het nou die dinkskrum van die liberaliste en kommunistiese meelopers geword, vanwaar hulle blank Suid-Afrika aan die magte van die duisternis oorhandig het. Op die keper beskou kan met reg geargumenteer word dat die liberale werkswyse deur Vorster gevolg in die eens Afrikanernasionalistiese gedrewe Nasionale party, en Willie Marais se vernietiging van die Herstigte Nasionale Party dekades later, in ’n mindere of meerdere mate dieselfde pad van verliberalisering in die Afrikaner Broederbond gevolg is.

Liberale werkswyse telkens dieselfde

Met redelike sekerheid kan aangeneem word dat enkele Broers in die AB nie hierdie organisasie se geloofwaardigheid in twyfel wou of kon trek nie, na wat die Afrikaner Broederbond vir die Afrikaner gedoen het, terwyl die oorgrote meerderheid slap in die knieë geword het. Weens lamsakkig- en papbroekigheid het hulle hul laat meesleur deur die liberaliste en verraaiers wat die georganiseerde geldmag gesterk het in hul kwaad, waardeur die geldmag verryk is omdat hierdie liberaliste toegesien het hoe die Afrikaner Broederbond des te meer ’n sleutelrol gespeel het in die verraad teen die witman van Suid-Afrika.

Bronnelys

Vorster se 1 000 dae, BM Schoeman, 1974.
Die era van Verwoerd, JA Marais, 1994.
Die Afrikaner Broederbond, AN Pelzer, 1979.